

Gomphocarpus fruticosus

E:milkweed, wild cotton, firesticks, guncotton
A: kapokbos, wilde kapok, melkbos,
tontelbos,gansies, blaasoppies D: Wilde
Baumwolle H:oruseppa Ky: etamupya

Die klompie name vir hierdie struik wys, dat die plant alom bekend is, maar weet ons regtig, wat in hom steek?



Dit kom wyd verspreid in Namibia voor en is nogal giftig. Dit word selde deur vee en wilde diere gevreet, hoewel ek al stomp afgevrete struik teekom het; ek vermoed deur duiker (hulle vreet selfs die geel gifappel) of steenbokkie (ek het ene daar gesien) Gewoonlik staan dit langs panne/vleye, op plekke waar die grondvog nie ver is nie en vorm digte ruigtes (Dickicht).

Ten spyte van sy giftigheid, of juis daarvoor word dit medisinaal gebruik:

Boesmans gebruik die latex as bestanddeel van pylgif (gif +gom?)

Hoes, maagaandoeninge, gonoree (Tripper/druiper) word met hierdie plant behandel, die lateks verwyder vratte, dit moet dikwels per dag opgesit word.. Gedroogde en fyngedrukte verpoeierde stingels ingesem bevry van oormatige slym in neus. Met die water, waarin wortels gekook is, word geslagsdele by die behandeling van geslagssiektes gewas. "n Poeier van gedroogde geroosterde en fyn gemaalde blare op sulke sere gestrooi help ook by geslagssiektes. (syphilis, Tripper).Blare en knoppe word ook as purgeermiddel gebruik.



Uit die basvesel kan toue en lyne gedraai word (oruseppa: garing/tou).

Die saadvesel bestaan 80%+ uit sellulose en is geskik om lont (Zuender) te vervaardig. Dit is gebruik om lampe op te steek (tonteldoos). Matrasse is opgestop met die sy van die sade. In Zimbabwe word eiers met die melk gesmeer om eierdiewe (honde, meerkatte, selfs slange) te keer om eiers te steel.

Die plante kan in knaagdiere se gate gedruk word (in die tuin) om hulle te keer om jou groentes te vreet.

Die pragtige African Monarch skoenlapper verkies hierdie struik om sy eiers daarop te plaas.



Saad kom uit die dop en word deur wind versprei.



Matrassie vir die voëltjies van wilde kapok



Gomphocarpus tomentosa

Hierdie is ,n “nefie” van *Gomphocarpus fruticosus*, nl. *Gomphocarpus tomentosus*. Dit kom ook algemeen hier voor. Die plante lyk BAIE na mekaar, daar’s slegs ,n verskil in kleur (*G. Fruticosus* is helder groen, effens gelerig, *G. Tomentosus* is meer blougroen, effens gryserig, omdat die blare beset is met haartjies) , die blommetjies en die vrugte, maar ook hier is die verskille eers sigbaar, wanner jy doelgerig SOEK daarna. Die medisinale waarde is blykbaar dieselfde as die van *G. Fruticosa*.

PERGULARIA daemia

E: heart leaf twiner, hornpod creeper A: ? D: Herzblatt-Liane H: eriko

Die rankplant trek aandag deur die pragtige hartvormige blare. Orals is dit te sien, dit klim teen drade op, in bosse en struie.

Die blare kan gekook en soos spinasie voorberei word.

Wortelaftreksel help teen depressie (hartprobleme veroorsaak deur andere), geslagssiektes, artritis, reumatische inflammasies, spierpyne en asma.

'n Aftreksel van die blare kan menstruele pyne verminder en help by die afsondering van die plasenta na geboorte (Boesmans). (Dit veroorsaak sametrekking van sagte spiere)



Die Damara en ook die Nama behandel Malariapasiente (swartwater, wat Malaria in die laaste stadium is) met hierdie plant. INTERESSANT!

Vislyne en nette word in die noorde van die stingels van Pergularia daemia vervaardig. Dan word gekneusde plantdele op die water gegooi, waarin visse is. Die visse vrek of word verlam en kan op die water opgetel word.

Vergiftigings kom by kleinvee en hasies voor. Die simptome is asemhalingsmoeilikhede, verhoogde pols, stywe / stokkerige manier van voortbeweging, akute dood.

Nadoodse ondersoek wys bloukleuring (aanduiding van suurstoftekort), bloeding in weefsel, longe en lewer.

Die lateks (melksap) kan as trekpleister vir dorings aangewend word, wat in voetsole/ hande sit en nie uitgehaal kan word nie. Wie wil toets?

Samevattend: twee opmerkbare plante, wat maklik onderskat word.



Dit lyk vir my, in ons land is daar GROOT POTENTIAAL vir die vervaardiging van effektiewe kruiemiddels teen 'n groot verskeidenheid ernstige en veral ALGEMENE siektetoestande.

Inligtingsbronne:

People's Plants (Ben-Erik van Wyk, Nigel Gericke)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (E.von Koenen)
Toxic Plants of Vet.Importance in Namibia (C.Mannheimer, A.Marais, S.Schubert)
Flowering Plants of the Kalahari Dunes (Noel van Rooyen)

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)
Wild flowers, Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)
Teks en fotos: Anka Eichhoff

Oktober 2014 (geaktualiseer Mei 2015)